PARKIELAND RIGLYNE VIR 2009

U word vriendelik versoek om hierdie riglyne te ondersteun:

1. **Toelating:**
   - Kleuters word eers toegelaat vanaf die jaar wat hulle 4 word en moet reeds die toilet selfstandig kan gebruik.
   - Kleuters wat 7 word, kan slegs met die skriftelike toestemming van die Gautengse Departement van Onderwys toegelaat word.

2. **Skooltye:**
   - Aankomstyd: vanaf **7:30 tot 8:30**
   - Vertrektyd: vanaf **12:30 tot 13:30**
   - Ouers wat nie by hierdie tye hou nie, werk steurend in op ons opvoedkundige program.
   - Om ouers wat vroeg gaan werk tegemoet te kom, is daar vanaf 7:00 'n onderwyseres aan diens.
   - Die rooi appelmannetjie wat aan die klas se naambord hang dui aan watter klas die vroëe klas is.
   - Om 07:30 is al die onderwyseresse in hul klasse.
   - Na 13:30 skakel die kleuters by ons eie nasorgsentrum in en nasorgfooie word gehef.
   - Vakansies stem ooreen met die van Gautengse skole.

3. **Skoolgeld:**
   - 'n **Registrasiefooi van R500** moet u kleuter se aansoekvorm vergesel. Hierdie fondse sluit 'n Parkieland T-hemp, 'n verfhemp, 2 toegangskaarte en kunsbenodigdhede in. **(Fooi is nie terugbetaalbaar nie.)**
   - Die skoolfooie beloop **R11,400** (Halfdag-kleuters) en **R16,200** (Voldag-kleuters) per jaar en word vir u gerief in 12 paaiemente verdeel, van Januarie tot Desember.
   - **Die skoolfooie vir 2009**: **R950/maand: halfdagkleuters**
     R1350/maand: voldagkleuters
   - **Betaaldatums:**
     - Fooie is streng vooruitbetaalbaar.
     - Voor of op die eerste werksdag van elke maand.
     - U kleuter se rekeningkoevert sal elke laaste Dinsdag van die maand saam met die nuusbrief aan u gestuur word.
     - Die skoolfooie posbus is in die kas langs die kombuis.
   - **Wyses van betaling:**
     Tjeks:
     - Gebruik asseblief u **rekening-koevert** en plaas dit maandeliks in die skoolfooie-posbus.
     - Tjeks moet uitgemaak word aan **Parkieland.**
     - Kontant is vir ons onveilig om te hanteer.

     Debietorders/Elektroniese betalings:
     - Ons bankbesonderhede is: **ABSA BANK Lynnwoodweg, rek nr 4052344967.**
     - Plaas die betalingsbewys in u **rekeningkoevert** en plaas dit in die skoolfooie-posbus.
   - **Agterstallige skoolgeld:**
     - Geen uitstel kan verleen word nie – indien u langer as 'n week agterstallig is, sal u versoek word om u kleuter by die huis te hou tot die volle bedrag vereffen is.
     - U kleuter se plek kan slegs vir 2 weke gehou word.
   - **Verhuisings:**
     - Kleuters wat die skool verlaat se ouers moet asseblief **een kalendermaand skriftelik kennis** gee.
     - Onthou asseblief om u kleuter se kunswerke saam te neem.

4. **Parkieland nasorgsentrum:**
   - Tye: Vanaf **13:30 – 17:30.**
   - 'n **Aansoekvorm** moet voltooi word.
   - Kleuters mag nie na 17:30 gehaal word nie - 'n boete van R50 sal daagliks gehef word.
   - **Middagetes** word voorsien aan die kleuters wat voldag ingeskryf is.
   - Die vierjarige- en vyfjarige-kleuters rus vir 'n uur na middagete en het 'n **baba-kussing** nodig (klein genoeg om in 'n laai te pas).
   - Kleuters moet asseblief persoonlik by die nasorg-onderwyseres gehaal word.

5. **Ad hoc nasorg:**
   - Enige kleuter mag voldag bly mits reëlings vooraf met die klasonderwyseres en die kantoor getref word.
   - Kleuters wat net af en toe kom, moet self vir middagete sorg – pak asseblief 'n **ekstra kosblik** in.
   - Koste vir ad hoc nasorg beloop **R30 per middag** en 'n **aansoekvorm** moet voltooi word.

6. Vakansiesorg:

- Ons is ten gunste daarvan dat kleuters tydens vakansies 'n rustyd van hul skool-omgewing kry, sodat hulle kan uitsien om na die vakansie weer na die kleuterskool terug te keer.
- Ons ervaring is dat kleuters beslis meer uitrus as hulle nie die hele vakansie by die skool deurbring nie.
- Indien u kleuter geen ander heenkome tydens vakansies het nie is u welkom om u kleuter vir vakansiesorg in te skryf.
- U kleuter moet vir elke vakansie geregistreer word.
- 'n Registrasiefooi van R25 per kleuter per week sal gehef word.

7. Toegangskaarte:

- Kaarte wat aan ouers toegang tot ons terrein verleen word in die eerste week van skool in **Januarie** aan u beskikbaar gestel.
- Elke gesin ontvang twee toegangskaarte, wat befonds word uit die registrasiefooi wat u betaal het.
- Indien u u kaart verloor kan u 'n ekstra een aankoop teen **R50** per kaart.
- Indien u nie u kaart by u het as u u kleuter aflaai of afhaal nie, moet ons u versoek om by die Laerskool se voetgangerhek in te gaan.
- Rapporteer **verlore kaarte** asseblief dadelik by die kantoor aan.
- Omdat ons kleuters se veiligheid vir ons 'n groot prioriteit is versoek ons dat kaarte met groot verantwoordelikheid bewaar word en nie aan ongemagtigde persone beskikbaar gestel word nie.

8. Benodigdhede:

- U kleuter het die volgende nodig:
  - 'n Kosblik wat maklik deur u kleuter oop en toe gemaak kan word.
  - LET WEL: Geen tasse – 'n materiaal drasak of klein kosbliksakkie is aanbeveelbaar.
- 'n Ekstra stel klere vir **al** die vier- en vyfjariges.

9. Verversingstyd:

- Dis **nou** die die beste tyd om gesonde eetgewoontes by u kleuter te vestig.
- Te veel suiker lei tot verhoogde suikervlakke en energievlakke en vermindering in konsentrasie.
- Stuur asseblief vir u kleuter 'n kosblik met **gesonde** eetgoed saam, 'n paar voorstelle:
  - 'n Vrug of gedroogte vrugte
  - 'n Toebroodjie, verkieslik bruinbrood
  - 'n Kaaswiggie, wortelrepies
  - 'n Dosie sap of gegeurde melk (geen gaskoeldrank nie)
  - **Geen lekkernye of soetgoed nie** (ontbytstafies, muffins, droë vrugte met suiker om).
- Lekkernye is slegs toelaatbaar as dit 'n spesiale geleentheid is en as daar genoeg gestuur word vir die hele klas.

10. Klere:

- Klere, skoene en kosblikke moet asseblief duidelik gemerk word.
- Trek gerus vir u kleuter ou klere aan, aangesien morsaktiwiteite belangrik is vir u kleuter se ontwikkeling.
- Kleuters word aangemoedig om kaalvoet te loop.
- Platvormskoene en hoëhakskoene word nie toegelaat nie, dit is baie onprakties en beperk die kleuter se bewegings-moontlikhede.
- Moedig u kleuter aan om altyd besittings in eie, persoonlike laai te bêre.
- Hou die "verlore klere"-rak dop.

11. Speelgoed:

- Geen speelgoed mag saamgebring word nie. (Speelgoed raak weg, breek en veroorsaak onenigheid.)
- Indien van die skool se speelgoed by die huis aankom, stuur dit asseblief terug.

12. Gespesialiseerde aktiwiteite:

- **Rekenaarklasse** by die Laerskool se rekenaarsentrum vir **Graad R-kleuters** is gratis.

- U kleuter kan uit die volgende **addisionele gespesialiseerde aktiwiteite** kies:
  - **Voor skool van 07:30 tot 08:30**: Skaak
  - **Buite-speeltyd van 11:00 tot 12:00**: Ballet, rugby, judo, Playball, moderne danse, equiterapie pottebakkery, swem, krieket, netbal en tennis
  - **Na skool van 13:30 tot 14:30:** Ontwerp en tegnologie, gholf

- Bogenoemde aktiwiteite word op vasgestelde dae by Parkieland aangebied.
- Maak seker dat u die **inskrywingsvorm** van elke aktiwiteit voltooi en voor Februarie ingee – maak asseblief van die **posbusse** in die kas langs die kombuis gebruik om met die afrigters te kommunikeer en u fooie te vereffen.

- U korrespondeer direk met die afrigters aangaande inskrywings en betalings – doen asseblief self kwaliteitskontrole, die afrigters sal u voorstelle waardeer.
- Verwittig asseblief u **klasonderwyseres** van die aktiwiteite waaraan u kleuter gaan deelneem.
- Stuur asseblief u kleuter se **sporttoerusting en –skoene** saam op die dag van die aktiwiteit en neem dit weer in die middag saam huis toe. Ons het ongelukkig nie spasie in die klasse om toerusting te bêre nie.
- Smeer asseblief soggens vir u kleuter **sonroom** aan, en stuur 'n **hoed** saam.

13. Verjaarsdae:

- 'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis in die kleuter se lewe en partytjies is dus welkom.
- Bak-en-brou bestanddele is baie opvoedkundig en word sterk aanbeveel (reël asseblief vooraf met die klasonderwyseres.)
- Geen ballonne, "sherbit", ysies of suigstokkies word toegelaat nie.

14. Kommunikasie:

- **Boodskapboek**: Gebruik asseblief die boodskapboek in u kleuter se klas om alle naskoolse bedrywighede in aan te teken bv.
  - Saamry/afhaal en sosiale aktiwiteite
  - Voorskrifte vir medikasie.
- **Nuusbriewe**: U sal elke Dinsdag 'n nuusbrief ontvang, maak asseblief seker dat u kleuter dit neem. Stuur asseblief die skeurstrokie Woensdag volledig ingevul in die nuusbriefsakkie terug.

15. Medies:

- Kleuters met **aansteeklike siektes, wat koorsig is of kopluise het mag nie die skool bywoon nie**.
- Indien u kleuter vir twee of meer dae afwesig is, moet u ons asseblief van 'n **doktersbrief** voorsien.
- Kleuters wat **antibiotika** gebruik moet vir **2 skooldae tuis bly**.
- **Alle medisyne** moet by die klasonderwyseres ingehandig word en in die **medisyneboek** aangeteken word.
- Medikasie vir **allergiëe**, bv. bysteek moet deur u voorsien word.
- Om te verseker dat ons u in 'n noodgeval vinnig kan opspoor, moet alle **veranderings van huis-, sel- en werktelefoonnommers** so spoedig moontlik by die kantoor aangemeld word.
- Indien u kleuter **se klasonderwyseres afwesig** is, sal u kleuter by 'n ander klas kuier vir die dag – die **kuier-klaslys** sal op u kleuter se klasdeur aangebring wees.

16. Vertrektyd:

- Die taalperiode eindig eers om 12:30.
- Die hek ontsluit eers vanaf 12:30, kom haal u kleuter asseblief so stil as moontlik.
- Kleuters moet deur 'n volwasse persoon gehaal word, 'n kleuter sal <u>nie</u> aan 'n Laerskoolleerder oorhandig word <u>nie</u>.

17. Klasindeling:

- Die Graad R-kleuters: - wat van Januarie tot Junie verjaar is gewoonlik 'n Olifant of 'n Leeu.
  - wat van Julie tot Desember verjaar is gewoonlik 'n Kameelperd of 'n Seekoei.
- Die jonger kleuters kan kies in watter klas hulle wil wees, <u>nie</u> die ouers nie.
- Die kleuters se aanvoeling is vir ons baie belangrik.
- Ouers moet asseblief nie versoeke rig nie – al die onderwyseresse is liefdevol en bekwaam en stel die kleuters se belange eerste.

18. Probleme:

- Ons sal alle probleme rakende u kind vertroulik en sensitief hanteer.
- Hou ons asseblief op hoogte van huislike en emosionele probleme.
- Bespreek probleme so gou moontlik met die klasonderwyseres en indien nodig met die hoof.
- Ons behou die reg voor om u te versoek dat u kleuter gehaal moet word indien hy/sy:
  - die klas ontstig
  - ander kleuters afknou of
  - nie 'n skoon stel klere het as daar 'n "ongelukkie" gebeur nie.
- U is welkom om te kom gesels, maak asseblief net vooraf 'n afspraak.

Parkielandgroete,
Ria Raath
HOOF